# Ontwaak Strokies




## Inkopies is gevaarlik

Janette van der Vyver

# Ontwaak Strokies

## Inkopies is gevaarlik

©Janette van der Vyver



Wat gaan hier aan?
Plakkers.
Plakkers?
Ja, ons was te lank weg.
© Janette Jul 2011


In Januarie het ek 'n opskrif gesien dat daar minder blankes in Suid-Afrika is.
Natuurlik sal daar in Januarie minder blankes wees!
Hoe so?
Hulle het almal gedurende die vakansie in die son gelê en bruin geword!
© Janette Feb 2012



Ek het 'n advertensie gesien vir 'n akkurate psigiese lesing.
Wat op aarde is dit?
Wanneer iemand heldersiende is en vir jou vooraf kan vertel wat met jou gaan gebeur.
Maar nou waarom moet hulle 'n advertensie plaas?
Seker maar om kliënte te werf.
As hulle psigies is sou hulle nie weet om jou self te bel nie?
© Janette Jan 2012


So wat voorspel jou sterre vir jou vir 2012?
My sterre?
Ja, jou sterreteken.
Al akkurate voorspelling wat ek het is dat as ek op my sterre val ek wel sterretjies sal sien.
© Janette Feb 2012



Ons het gaan inkopies doen net voor Kersfees en al die winkels was so vol behalwe een.
Watter een?
Die een waar hulle goetertjies verkoop om outomaties jou geld te gaps vir tolgelde.
Werklik?
Ja, blykbaar wou niemand dít vir Kersfees hê nie.
© Janette Jan 2012




Waarheen is julle oppad?
Ons gaan Gautrein ry.
Tjoek, tjoek.
Maar dit reën dan nie?
Ja, maar hulle sê dit lek.
Die tonnels, nie die trein nie.
En as die trein halfpad gaan staan?
O!
© Janette Sep 2011


Het jy gehoor die Gautrein se mense moet nog konstruksie doen.
Waarom?
Hulle gaan orals stalle vir perde oprig.
Waarvoor?
Perdekrag! Iets moet tog die trein trek as die kabels weer gesteel word!
© Janette Aug 2011



In die nuus het hulle genoem dat 'n asteroïde amper die aarde getref het.
Maar dié asteroïde was 60 000km ver weg en ons aardbol is maar so 40 075 km in grote.
Met ander woorde, ek het amper hierdie ou se kar gestamp, maar ek was in Johannesburg en hy was op die maan en ons het mekaar net net gemis!
© Janette Feb 2012


En dit?
Skokbrekers.
Vir wat?
Het jy onlangs die toestand van die paaie gesien?
© Janette Feb 2012



Gaan jy 'n masjientjie koop vir die tolpaaie in Gauteng?
Nee, ek gaan om hulle ry op die hoofpaaie.
Maar daar is nie 'n pad verby die meters op die hoofpaaie nie.
Nog nie, maar wag. Daar is altyd. Volg net die taxi's!
© Janette Jul 2011


Ek verstaan nie dié ding met wyn nie.
Watter ding?
Hierdie wyn proe soos gras en groenpeper, daardie een weer na appelkoos en daardie een na groenrissie en soethout.
En?
Nou waarom proe hulle nie net soos wyn nie?
© Janette Sep 2011


Kaas word by die kilogram verkoop nè?
Gewoonlik, ja.
En Switserse kaas het die meeste gaatjies in so behoort die minste te weeg. Reg?
Ja.
Nou waarom is dit nog steeds een van die duurste kase?
© Janette Feb 2012


Ai tog, ek het vergeet om my bloukaas te eet en nou is dit al 'n week verby sy beste-voor-datum.
Bloukaas?
Ja.
Hoe presies verander bloukaas as dit af is?
© Janette Nov 2011


Ek het met my handdoek en swem-vlerkies by die borrel-borrel-fees opgedaag. Dit was 'n fout!
Ag nee, waarom?
Ek het gedink dit gaan 'n groot borrelbad wees en het so daarna uitgesien.
En toe?
Toe is dit al die tyd te doen met vonkelwyn en niks met borrelbad nie!
© Janette Feb 2012


As ek gewone boks wyn gekoop het en dit het borrels in ...
Ja?
Beteken dit dat dit af is, of dat dit nou 'n baie raar en waardevol item geword het?
© Janette Feb 2012


Dit is my pille.
En al daardie botteltjies?
© Janette Nov 2011
Foeitog, is jy siek?
Nee, hierdie een is om my wakker te maak, hierdie een is vir spysvertering, hierdie een is sodat ek nie baie eet nie, hierdie een is om lomerigheid te verhoed en hierdie een is om my te laat slaap.
RX


Glas water?
Nee dankie.
Waarom nie?
Die dokter het gesê ek drink te veel, nou drink ek maar minder water want ek gaan beslis nie minder wyn drink nie!
© Janette Sep 2011



Vermy stresvolle situasies. Volgehoue spanning kan jou hart beskadig.
Werklik?
Ja, dit staan hier.
Wonderlik! Nou's ek nie net oor my werk gestres nie, maar ook oor die skade wat dit my hart aanrig.
© Janette Jan 2012


Ek verstaan nie hierdie pakkie nie.
Wat verstaan jy nie?
Hoe kry hulle dik groentesop in so 'n klein platgedrukte pakkie?
© Janette Jan 2012



In die ou dae as iets groen was, was dit gemuf en vrot.
Ja, ek onthou. Die kleur was nie populêr nie.
Maar deesdae as dit groen is dan is die omgewingsvriendelik. Ek hoop net dit is nie dieselfde produkte nie!
© Janette Des 2011


Hulle adverteer 'n nuwe geurmiddel wat jou vleis net soos bief sal laat smaak.
Op watter vleis gebruik jy dit?
Glo op Bief.
© Janette Nov 2011



Beste Vervaardiger. Gisteraand was dit koel en ek het lekker vars brood gehad. Ek het gedink dit sou ideaal wees om 'n lekker koppie sop daarmee te nuttig en soos julle weet is julle alfabet sop my gunsteling.
Groot was my verbasing om al die vloekwoorde in die sop tee te kom. Ek kon my oë nie glo nie. Al was die letters nie almal langs mekaar nie het ek hulle dadelik herken.
Ek dink dit is skandelik dat julle sulke sop sal verkoop! My prokureur sal julle binnekort kontak vir my eis weens emosionele lyding.
Beste Groete
Babsie Bobbejaan
© Janette Des 2011



Waarom noem die mense hondekos 'Woef' en Kattekos 'Miaau' en voëltjiekos 'Tjirp'.
WOEF LEKKER KOS
Dit is die geluide wat hulle maak.
WOEF LEKKER KOS
Ja maar hulle noem nooit mense se kos, 'Klets Koekies' of 'Praat Pap' of 'Gesels Lekkers' nie!
WOEF LEKKER KOS
© Janette Nov 2011



Ek moet 'n koek bak vir my seun se verjaarsdag.
Wat van 'n wortelkoek?
Ek weet nie, dit vat lank om 'n wortelkoek te bak. Ek het gehoop vir iets vinnig en maklik.
Watse gebak? Pak net 'n klomp wortels opmekaar en versier dit. Siedaar een wortelkoek!
© Janette Nov 2011


Dit is al my kookboeke. Ek is lus vir koekies.
En al dit?
Gaan jy hulle self bak?
Nee moenie mal wees nie. Ek gebruik net die boeke om by my spaarvarkie uit te kom sodat ek koekies by Woolies kan gaan koop.
© Janette Okt 2011



Eers was plastiek goed, herwinbaar en het werk geskep. Toe word dit sleg.
Toe is blikkies goed want dit is herwinbaar en skep werk en hou kos langer vars. Nou is glas glo gesonder en o ja herwinbaar en skep werk. Maar nou gebruik ons selfs te veel daarvan.
Weet jy dit is net 'n kwessie van tyd dan gaan ons moet bakhand staan by die winkels dat hulle ons produkte met 'n soplepel direk in ons hande opskep!
© Janette Jan 2012



Waarna soek jy?
My somerlyf.
Jou somerlyf?!
Ja, sy moet hier êrens wees – ek het haar laasjaar gehad.
© Janette Nov 2011


Eers was dit hoogmode om mollig te wees.
Toe was dit hoogmode om brandmaer te wees.
En nou?
Nou wanneer gaan dit hoogmode wees om 'n vetrolletjie om jou middel te hê?
© Janette Nov 2011



Hierdie slaai lyk lekker. Dit is stukkies blaarslaai met allerhande groente en gebraaide vleisies ingepak.
Ja, en as jy dit reg eet sal dit ook baie gesond wees.
Hoe moet jy dit reg eet?
Gee die gebraaide vleisies vir die woefie onder die tafel en eet die res self!
© Janette Feb 2012


Met die opskrif eet gesond en verloor gewig is 'n prentjie van 'n snytjie brood volgepak met 'n groot klomp mayonnaise en verwerkte vleis. Besef hulle dit is nie gesond nie?
Laat ek sien.
O nee, sien jy die papier waarop die broodjie sit? Jy is veronderstel om net die papier te eet, die broodjie is maar net 'n versiering.
© Janette Jan 2012



Ek verstaan nie. Vir meer energie moet jy glo kosse wat ryk aan volgraan is en nie verfynde kos nie.
Nou ja?
Maar my arme liggaam. As sy harder moet werk om die volgraan te verwerk gaan ek moeër wees en nie meer energie hê nie!
© Janette Jan 2012


Ouma se smullekker gebraaide aartappels met vars room. Klink lekker nè?
Ek sou dit nie aanbeveel nie.
Waarom nie?
Ouma was 55kg oorgewig en is op 60 aan 'n hartaanval dood.
O!
© Janette Des 2011



Het julle al gesels oor die dieet waarvan almal praat?
Nee, en ek het ook nog nooit daaroor gepraat nie.
Ek ook nie.
Nou wie presies is almal?
© Janette Des 2011



Skryf in en wen 'n hoop sjokolade!
Waarvoor moet jy inskryf?
'n Tydskrif wat jou leer hoe om gesonder te lewe.
Dit klink nie reg nie.
Nee dit is presies reg. Hulle moet seker maak dat mense vaal – want as hulle dit regkry koop hulle nie meer die tydskrif nie.
© Janette Des 2011


Tydskrifte is net 'n komplot om ons mal te maak, nè?
Wat maak jou so dink?
Bladsy 12 is 'n advertensie vir sjokolade; bladsy 14 is 'n advertensie vir 'n dieet; bladsy 16 is 'n resep vir koekies; bladsy 18 is nog 'n advertensie vir 'n dieet die hele tydskrif is so!
Laat ek dink ... eet te veel; gaan op 'n dieet verloor die gewig. Eet weer te veel, gaan weer op 'n dieet. Nee ek dink die tydskrif is heeltemal akkuraat.
© Janette Jan 2012



Sjoe, jou parfuum is baie sterk.
Ja, dit is my nuwe dieet.
Dieet?
Ja elke keer as ek verby die bakkery loop ruik die koekies so lekker ek moet ingaan en proe.
En?
Noudat ek niks behalwe die parfuum kan ruik nie, eet ek nie meer so baie koekies nie.
© Janette Feb 2012


Hierdie artikel sê die Hoga plant die beste is vir gewigsverlies.
Hierdie artikel sê weer daardie plant het eintlik niks te doen met gewigsverlies nie.
© Janette Jan 2012
Hierdie artikel sê vir elke artikel wat jy lees sal 'n ander een sê dit is nonsens.
Nou wat moet jy dan glo?
Ek weet nie, ek is seker jy sal 'n artikel daaroor kan vind.
Ja, en nog een wat dit weerspreek.


Het jy gesien jy kan 10kg verloor in 4 weke?
Ek kan 10kg onmiddellik verloor.
Werklik? Hoe?
Ek gooi net my twee gewigte van 5kg elk weg en siedaar – ek het 10kg verloor.
© Janette Okt 2011


Ek gaan maak soos hulle doen in die verslankings advertensies?
Op dieet gaan?
Nee, net al my foto's dokter om jonger, mooier en maerder te lyk.
© Janette Okt 2011


Hierdie advertensie beweer hulle waarborg resultate.
Watter resultate?
Ek is nie seker nie – dit is waar dinge vaag word.
Ek weet!
Hulle waarborg as jy die produk koop en gebruik sal jy die prys van die produk armer wees!
© Janette Nov 2011


Ek het raad vir mense wat te skaam is om in die openbaar in 'n baaikostuum te verskyn.
Hou op swem?
Nee! Vergelyk jouself met die mense op die strand en nie met die mense in die tydskrifte nie!
© Janette Jan 2012



Ek is so trots op mense wat hier 30+ kg afskud. Ek sou dit nie kon doen nie.
Nee, jy sou nie.
Jy was nie veronderstel om met my saam te stem nie!
Jy weeg dan minder as 30kg!
© Janette Feb 2012


Hierdie man se voor en na 'n dieet prentjie is 'n bietjie snaaks.
Hoe so?
Op sy voor prentjie het hy 'n baard en borshare en op sy na prentjie is hy gladgeskeur met geen borshare nie.
So was die ekstra gewig alles in sy hare?
© Janette Feb 2012



Daar is net een ding wat ek geleer het vanaf dieet foto's.
As jy oorgewig is mag jy nie glimlag of grimering dra nie.
Maar as jy maer is moet jy baie breed glimlag en meer grimering as Nataniël dra.
© Janette Jan 2012


En daardie parfuum?
Ek het gesien in die tydskrifte is die vrouens wat parfuum vashou almal baie mooi en skraal.
En?
Ek het gehoop dat dit die parfuum se doen en late is, en dat ek ook so sal lyk as ek die parfuum vashou. Werk dit nie so nie?
© Janette Feb 2012



En dit?
'n Nuwe dieet waar jy kan eet net wat jy wil en dit werk regtig, sowaar, sonder enige oefeninge.
Hoe werk dit?
Jy mag net drie maaltye 'n dag eet en dan mag jy net eet wat op hierdie bordjie pas!
© Janette Nov 2011


Die nuwe dieet sê dat jy vir 30 minute voor elke ete moet oefening doen. Ek dink dit sal baie goed werk.
Waarom, dink jy mense sal dit werklik doen?
© Janette Feb 2012
Nee, maar hulle sal dalk 'n paar maaltye oorslaan omdat hulle nie lus is om die oefeninge te doen nie en skuldig voel daaroor.


Hierdie nuwe haarmiddel het druiwepit-olie in.
Ek het nie geweet druiwepitte het olie in nie. Dit verduidelik waarom ek nou oorgewig is!
Werklik?
Ja, dis al daardie olierige druiwepitte wat ek ingesluk het!
© Janette Feb 2012


En dít?
Kleeflint.
Dit kan ek sien. Maar waarom?
Plooie is glo uit en ek kan nie botoks bekostig nie!
© Janette Feb 2012


Lyk jy soos 'n normale mens? Met merke op jou gesig, onegalige velkleur?
Nee! Jy mag nie! Gebruik hierdie peperduur wondermiddel en dan kan jy ook soos 'n opgeknapte foto lyk!
Geen persoonlikheid, geen egtheid – maar jy sal nie meer die skande hoef te verduur om heeltemal doodnormaal te lyk nie!
© Janette Nov 2011


50 vroue het bevestig dat 'n gesigsroom werk.
Hoe het hulle dit bevestig?
Die vrouens het die room verniet gekry en daarna gevra wat dink hulle. Dit wys jou net.
Dat die room werk?
Nee, dat jy deesdae enige iets met geld kan koop. Selfs 'n opinie.
© Janette Jan 2012


Wat is die kenmerke van 'n goeie gesigsroom?
Seker maar as dit moet plooie en sulke goed verminder.
Nee, dit moet 'n naam hê wat jy nie kan uitspreek nie, verkieslik Frans, en ten minste drie bestanddele wat hoogs tegnies en wetenskaplik is maar wat jy hoegenaamd geen idee het wat dit werklik is nie.
Ja, en een klein botteltjie kos meer as jou hele maand se kruideniersware!
© Janette Sep 2011


Hierdie produk is baie goed.
Werk dit goed vir jou?
Nie juis nie, maar daai ander ou wat ek nog nooit van gehoor het nie, maar wat glo baie beroemd en bekend is, het so gesê en hy was op TV!
© Janette Nov 2011


Hierdie nuwe produk sal jou vel laat ferm en jonk lyk – kyk.
Maar sy't grimering op! Hoe moet ons nou weet hoe haar vel werklik lyk?
Seker maar soos enige ander 20 jarige wat nog nie plooie het nie!
© Janette Feb 2012


By 'n gesigsroom advertensie beweer hulle dat in 'n kliniese toets 90% van die vroue se voorkoms verbeter het.
Was dit die gesigsroom?
Nee hulle het maar net vir 90% van die vroue korsette en beter-passende klere gegee. Niemand het iets gesê van hulle gesigte nie.
© Janette Jan 2012



Hulle verkoop sonbruinolies aan wit vrouens om hulle velle mee donker te maak. Hulle verkoop room om swart vrouens se velle ligter te maak.
Dus volg dit dat kleurlinge die perfekte velkleur het.
Ja, ek is seker dit moet 'n groot bron van frustrasie wees vir die vervaardigers van hierdie tipe produkte!
© Janette Jan 2012



Hier sê hulle, die vrouens in Afrika se velle verouder anders – bygesê swart velle. Daarom moet jy hierdie vel produk gebruik.
Klink goed sover.
En onder in kleinskrif tik hulle dat die vel produk slegs op Asiërs getoets was. Kan hulle nie die verskil raaksien nie?
© Janette Feb 2012



Hierdie produk werk in drievoud. Dit moet werklik goed wees.
Nie noodwendig nie.
Maar drievoud? Dit is baie!
Ja, eerstens sê jy dit is wonderlik en mense glo jou. Tweedens is dit baie duur daarom skep dit die indruk dat dit goed is. Derdens gaan jy so vas glo dit werk sodat jy die stywe prys kan regverdig dat jy eenvoudig 'n verbetering gaan sien!
© Janette Jan 2012



Wat beteken teen allergieë getoets?
Seker dat die muise waarop hulle die produk gesit het geen vel irritasie getoon het nie.
Arme muise. Wat het toe van hulle geword?
Nee, hulle is almal dood maar jy moet sien hoe mooi hulle velle gelyk het.
© Janette Jan 2012



Ek dink ons moet 'n saamtrek reël, dalk vir die 16de Desember.
Die vakansiedag? Wat het jy op die hart?
Niks nie. Ek wil net hê al die mense moet in 'n stadium vergaarder.
Vir wat?
Sodat ek parkering kan kry by my naaste inkopiesentrum!
© Janette Des 2011



Vir R1 000 kry jy 'n boksie, met 'n voering, 'n mooi lintjie, en 'n piepklein botteltjie handelsmerk parfuum.
© Janette Feb 2012
Ja, dit lyk en ruik wonderlik.
Vir 'n volle nil rand kan jy 'n rosie uit die tuin pluk en agter jou oor steek. Jy sal nog lekkerder ruik!



Parfuum kom werklik in baie mooi botteltjies.
Dit moet lank neem om so 'n botteltjie te ontwerp.
Ek sou so dink, al die tierlantyntjies.
Ja en dit is werklik 'n kuns om 'n 125ml botteltjie so te ontwerp dat net 5ml parfuum daarin kan pas.
© Janette Jan 2012


Watter parfuum hou jy die minste van?
Nee Pasop! Moenie dit sê nie.
Waarom nie?
Dit is die wet op aantrekkingskrag – as jy die naam uiter waarborg jy dat dit die enigste parfuum is wat jy geskenk gaan kry!
© Janette Des 2011



Wat maak jy nou?
Ek het wonderlike parfuum geruik wat nes 'n appel ruik maar dit is te duur vir my.
En?
Nou gebruik ek maar 'n appel i.p.v. die parfuum.
© Janette Jan 2012



Weet jy hulle maak deesdae darem verskriklike groot handsakke vir vrouens.
Ek dink dit is vir dié met babas wat baie moet saamdra vir die kleintjie.
Ja maar jy kan 3 doeke, kos, klere en die baba inpas en daar gaan nog steeds plek oor wees!
© Janette Jan 2012



Nou't ek alles gesien.
Wat?
Betaal R150 vir 'n klein botteltjie naellak om jou naels dieselfde kleur as jou vel te maak.
Of betaal niks nie en sny jou naels kort en siedaar - selfde kleur as jou vel!
© Janette Feb 2012



Hier is 'n advertensie vir 'n haartang om jou reguithare mee te krul.
Hier is nog 'n advertensie vir 'n haartang om jou krulhare mee reguit te maak.
Kan ons asb. 'n advertensie uitdink wat sê, "die hare waarmee ek gebore is, is piekfyn nes dit is?"
© Janette Jan 2012


En nou? Al daardie goed in jou hare?
Al die sjampoes het deesdae kruie en speserye en sulke goed in.
Ja, maar in opgelosde of verwerkte vorm.
Maar kyk net hoeveel geld spaar ek deur die oorspronklike kruid buite op te tel!
© Janette Okt 2011


My nuwe sjampoe voed my hare met 7 verskillende olies.
Daar is 'n goedkoper manier.
Kookolie?
Nee, gaan swem in die see. Dit is deesdae net so vol olie!
© Janette Jan 2012



Wat gaan aan met jou hare?
Dit is my nuwe sjampoe.
Werklik? Dit lyk asof jy verlengings in jou hare gesit het.
Nee hulle het niks daarmee te doen nie, die advertensies het gesê die volume is net as gevolg van die sjampoe!
© Janette Des 2011


Wat is die verskil tussen 'n Suid-Afrikaner en 'n Amerikaner?
Ek weet nie, vertel maar.
Ons lees soms die inhoud op ons kosprodukte om te sien of dit goed en gesond is.
Hulle lees die inhoud op hulle haarprodukte en grimering om te sien of dit goed en gesond is.
Ja en of die moontlikheid bestaan dat hulle iemand daaroor kan dagvaar.
© Janette Des 2011


Het jy kurwes?
Is jy ŉ vrou en lyk jy inderdaad soos een?
Nee! Jy mag nie! Dra hierdie liederlike stuk onderkleding wat alles inhou, insluitend jou asem sodat jy mooi glad soos ŉ winkelpop sal lyk. Basta met normale kurwes!
© Janette Des 2011



Wanneer weet jy dat jy nie die klere by 'n winkel sal kan bekostig nie?
As jy na die prys kyk?
Nee nog voor jy enige prys raakgesien het.
Ek weet nie, sê maar.
Wanneer daar meer mense is wat daar werk as klere op die rakke, en tog is daar net twee verkoopsdames en 'n kassiere.
© Janette Nov 2011


Ek verstaan dit nie.
Wat?
Waarom kan jy skoene met ongelooflike hoë hakke wen?
Maar hulle gee nooit die rugoperasies verniet weg nie – of die voetoperasies of enige van die ander nagevolge van die dra van die ongelooflike hoë hakke nie.
© Janette Jan 2012


Wanneer weet jy dat 'n modeneiging uiters swak is soos hierdie baie lae-heup jeans.
Nee, sê maar.
Wanneer 'n brandmaer model nie eers goed lyk daarin nie wat nog te sê van die res!
© Janette Jan 2012


Hierdie Jeans kos meer as R5 000!
Is hulle van goud gemaak met diamant knopies?
Nee, dit is net die handelsmerk wat dit so duur maak.
Hulle is seker vir die mense wat op hulle breins sit, dié dat hulle so baie geld moet betaal om dit te beskerm!
© Janette Feb 2012


Ek sien hierdie eenstuk langbroekpakkies vir vrouens is nou hoogmode.
Ja, ek het gesien, met geen manier om die ding maklik uit te trek nie.
Met ander woorde die toue by die damestoilette het so pas langer geword!
© Janette Feb 2012


Waarom is daar so baie produkte om te verhoed dat jou vel of hare ouer lyk?
Maar daar is so min om te verhoed dat jou hart, longe en lewer ouer lyk.
Is hulle nie belangriker nie?
© Janette Des 2011



En dié hoop tydskrifte?
Hulle het 'n gratis eksemplaar van my gunsteling koffie binne in.
Maar daar is seker 20 tydskrifte almal dieselfde?
Ja die koffie is verskriklik duur. Dit was goedkoper om 20 tydskrifte te koop.
© Janette Sep 2011


Hierdie mense wat gratis monsters in die tydskrifte vasplak maak 'n groot fout om dit by hulle eie advertensies te plak.
Nou waar anders moet hulle dit plak?
Op hulle mededingers se bladsy – want nadat jy die pakkie afgehaal het plak daardie 2 bladsye aan mekaar vas en jy gaan die advertensies op daardie bladsye nooit weer sien nie.
© Janette Feb 2012


Beste mode-redakteurs
Volgende keer as julle besluit lipstiffie lyk mooi opgesnipper en gemors op die bladsy dink weer – dit lyk werklik nie goed nie.
Los dit asseblief in die duur plastiese houertjie en neem 'n foto. As julle dan daarmee klaar is stuur dit gerus aan my. Ek sal dit nie soos julle net mors nie!
© Janette Jan 2012


Ek sien hulle het toe die tyd-masjien vervolmaak.
Nee, ek twyfel. Wat laat jou so dink.
Is ons dan nie terugvoer na die 1980's nie?
Nee, laas toe ek gekyk het was dit 2012.
Maar dit is die presiese skoene en klere wat ons in die 1980s gedra het!
© Janette Jan 2012


En daai ding op jou vinger?
Mooi nè? Dis die nuwe mode.
Om 'n rots op jou vinger te dra?
Ja hulle het gesê groot ringe is hoogmode en hoe groter hoe beter!
© Janette Okt 2011


Die een stel plakkies is R100 en die ander stel plakkies is R1 200. Wat is die verskil?
Die R100 is vir almal die R1 200 is vir die ewige optimiste.
Optimiste?
Ja, hulle is optimisties dat iemand hulle plakkies gaan raaksien en gaan weet dit is die R1 200 paar nie die R100 paar nie, al gaan niemand die verskil kan raaksien nie.
© Janette Jan 2012



Ek verstaan as 'n horlosie klein is dat hulle strepies i.p.v. nommers op sit. Daar is nie plek nie.
Ja en?
Nou maak hulle hierdie groot bonkige horlosies en glo dit of nie daar is nog steeds geen syfers op nie!
© Janette Jan 2012


'Prinses Poppie se droom man.' 'Prinses Poppie se Eenhoringperdjie.' 'Prinses Poppie se Kasteel.' Waar is die res?
Watter res?
'Prinses Poppie gaan universiteit toe.' 'Prinses Poppie begin haar eie besigheid.' 'Prinses Poppie bereik puberteit en verloor haar figuur.'
O hulle is op die onderste rak weggesteek saam met 'Prinses Poppie se droom man hou toe al die tyd nie van meisies nie.'
© Janette Des 2011


Het jy hierdie motorhuise gesien wat hulle as stoorplekke uitverhuur.
Ja.
Ek dink hulle moet 'n paar van glas maak met 'n klomp rakkies.
Waarvoor?
Sodat almal hulle tierlantyntjies en ornamente kan uitstal sonder dat hulle huise daaronder ly.
© Janette Jan 2012


Ek wil hierdie kar koop. Wat dink jy?
Sjoe, die kar is blink. Dit lyk sommer vinnig.
Goedkoop ook. Maar wag net dat ek 'n vergrootglas gaan haal sodat ek die voorwaardes kan lees.*
© Janette Sep 2011
*Eintlik is die prys vir 'n donkiekar maar die een donkie is dood en die ander een is alewig op 'n staking maar wanneer daar twee donkies vooraan is die kar werklik so vinnig. O en die eintlike kar is net so skuins agter die kar op die prentjie – dit is nie daardie een nie.


Gaan jy 'n nuwe slimfoon kry?
Nee, hulle is nie goed vir my nie.
Waarom nie?
Elke slim nuwe toertjie laat my net dommer voel.
© Janette Nov 2011


Wat maak jy met die arme boom?
Ek beskerm hom.
Vir wat?
Ek het gelees alle hout het 'n verseëlaar en penetrerende was nodig.
© Janette Nov 2011


Hier is 'n kompetisie vir die beste foto.
Wat is die prys?
'n Kamera.
Maar sou jy nie reeds die beste kamera hê as jy die beste foto wen nie?
© Janette Jan 2012


Het jy gehoor van die nuwe pienk wasmiddel?
Ja, daar is niks spesiaals daaraan nie. Dit is nes die ander.
Werklik?
Ja, word net deur vroue gebruik. Ek soek nog die wonder-wasmiddel wat mans opgewonde oor wasgoed doen gaan maak.
© Janette Feb 2012




Ek dink dit is tyd dat hulle onderlaag, lipstiffie en oogskadu vir mans vervaardig.
Vir wat? Hulle het dit nie nodig nie?
© Janette Des 2011
Wel as ons gelykheid tussen die geslagte wil hê gaan vrouens moet ophou grimering dra of mans gaan moet begin grimering dra. Ek is nie seker met watter opsie ons die meeste sukses gaan hê nie.


In die ou dae het ons net een lappie gehad en dit was gewoonlik 'n ou vadoek.
Nou het ons 'n lappie vir die toilet, vir glas, vir silwer, vir hout, vir ander meubels, vir die vloer ens.
Ja een van die dae gaan hulle ons wys maak ons moet ook 'n lappie kry vir ons voete, 'n ander een vir ons knieë, nog een vir ons arms, een vir ons boude en een vir ons liggaam.
Ja, en moenie vergeet nog 'n aparte een vir jou naeltjie nie.
© Janette Nov 2011



Ek gaan 'n demonstrasie ontvang vir 'n stofsuier wat baie duur is.
Dink jy dit sal die prys werd wees?
Wel die verkoopsman sê die ding kan alles doen so as dit my kan wakker maak in die oggend met 'n lekker warm koppie koffie dan koop ek dit onmiddellik!
© Janette Okt 2011


Ek is teleurgesteld in die stofsuier se demonstrasie.
Was die masjien nie so goed nie?
Die masjien is wonderlik maar daar is honderde klein borseltjies en fieterjasies wat jy aanhoudend sal moet verander.
Dit klink asof dit alles kan doen.
Ja maar jy moet elke borseltjie self verander. Teen die prys het ek verwag om 'n knoppie te druk en 'n feetjie spring uit die masjien en verander dit vir my!
© Janette Okt 2011


Met al hierdie opstande in Egipte dink jy dit sal nog veilig wees om Egiptiese Katoenlakens te koop?
Ja, waarom vra jy?
Nee, ek is net bang my lakens kom in die nag in opstand teen my omdat ek die enigste regeerder in my huis is!
© Janette Feb 2012



Wil jy iets swot?
Ja, ek skryf in vir 'n kursus op meganiese ingenieurswese.
Vir wat?
Die masjien wat my hek oopmaak is stukkend.
Nou waarom bel jy nie 'n nutsman nie?
Ek het probeer. Dit is hoe ek agtergekom het dit sal gouer en goedkoper wees om 'n kursus te loop en dit self reg te maak!
© Janette Okt 2011



Jy moet baie lief wees vir die see om jou huis so op die see te bou.
Hulle doen dit seker vir die mooi uitsig.
Nee, ek dink eerder hulle is te lui om self huis skoon te maak en hulle kan verseker wees dat die see so een of twee maal 'n jaar gaan binnekom en die huis skoonspoel.
© Janette Feb 2012



Jou rusbank lyk mooi.
Dankie, ek het dit in 'n tydskrif gesien.
Maar waar moet ons nou sit?
Seker maar op die vloer, want daar is nie plek op die rusbank nie.
© Janette Nov 2011



Jou huis is baie stowwerig.
Ja, ek probeer 'n nuwe mode skep.
Met stof?
Ja, in plaas van die heeltyd afstof teken jy mooi prentjies en patrone in die stof en dan is my huis kunstig en modern i.p.v. vuil.
© Janette Des 2011



Ek gaan elke muur in my huis 'n ander kleur verf.
Waarom?
Die verf modes verander elke jaar.
Ja, en?
Dan het ek elke jaar ten minste een muur wat in die mode is.
© Janette Des 2011



Wat dink jy van hierdie yskas-en-vrieskaseenheid.
© Janette Jan 2012
Dit is baie groot. Eet jy werklik so baie kos?
Kos? Nee dit was onlangs so warm ek wou die yskas gedeelte as my slaapkamer inrig en die vrieskaseenheid as my kombuis.


Is jou groot skoonmaak vir die lente al klaar?
Nee ek het nog nie begin nie.
Waarom nie?
Ek wag nog om te sien of die lente werklik gaan bly en of dit net vir 'n kort rukkie kom kuier het.
© Janette Sep 2011



Ek het 'n skilderkursus geneem. Wat dink jy?
Was dit abstrak kuns?
Nee, glad nie. Kan jy nie sien nie? Dit is 'n meisie wat langs die see staan en uitkyk.
Werklik?
Ja! Ek het die instruksies presies nagevolg!
© Janette Nov 2011


My bure se kat doen gereeld hier huisbesoek.
Waaroor praat julle dan so baie?
Jong ons sê selde iets ...
Ek dink hy kom net kuier om die fasiliteite te gebruik.
© Janette Aug 2011



Beste Bemarkers, ek sê altyd mooi vir julle 'Nee Dankie' en dan hou julle aan met praat. Kan ek verduidelik?
Nee is 'n ontkenning. Dit is 'n indikasie dat julle moet ophou praat, totsiens sê en die foon neersit. Die dankie gedeelte was maar net pasella. Dit is werklik nie so moeilik nie.
Maar om dit makliker te maak sal ek in die vervolg sê, 'Nee, Voertsek!' Reg so?
© Janette Jan 2012


Ek kry nie hierdie simpel ding reg nie.
Jy drink seker nie genoeg vitamiene nie.
Vitamiene? Wat het hulle met hierdie ding te doen?
Nee volgens hierdie artikel kan jy enige iets doen as jy net die regte vitamiene neem.
© Janette Jan 2012


Ek sien hulle is besig om navorsing te doen in rooibostee. Besef jy wat dit beteken?
Dat ons meer kennis gaan hê oor waarvoor rooibostee alles gebruik kan word?
Nee, want ons het reeds daardie kennis van ons ouers en grootouers ontvang.
Dan wat?
Dat die vervaardigers besig is om 'n rede te soek om die pryse met belaglike bedrae te verhoog!
© Janette Feb 2012



Ek het na 'n tydskrif op die internet gaan kyk en ek kon nie uitwerk waar die artikels begin of eindig nie en watter gedeeltes advertensies was nie. Dit was net 'n gemors. Daar was niks oorspronkliks of intelligent te vinde nie.
Klink baie soos televisie.
Blykbaar het tegnologie toe nie so ver gevorder nie.
© Janette Feb 2012


Ek het 'n goeie idee vir 'n nuwe realiteitsprogram wat veral vir die radio sal werk en ek is doodseker dit sal baie populêr wees.
Wat is dit?
Kan ons asseblief elke week die swakste en mees irriterende advertensie van die radio afstem?
© Janette Feb 2012



Vir elke bekende vrou wat 'n goeie veltegniek het, is daar 'n kenner oftewel joernalis wat verduidelik waarom daardie tegniek sleg is.
Maar daar is een probleem.
En dit is?
Ons kan sien hoe die bekende persoon lyk en hulle lyk almal heel goed en gesond. Waarom publiseer die kenners nie foto's van hulself sodat ons dit kan vergelyk nie?
© Janette Jan 2012



© Janette Feb 2012
Waarom as 'n beroemde of bekende persoon uitgaan sonder grimering sê die joernaliste hulle lyk sleg.
Maar as die skrywer van daardie artikel uitgaan sonder grimering is dit omdat sy natuurlik wil lyk?
Ja, of te besig is of kinders het – alles wat die bekende persoon ook het!


Hierdie kompetisie se prys is 'n ete saam met 'n beroemde persoon.
Waarom? Is dié persoon besonders interessant of snaaks.
Nee, sy is maar net 'n beroemde aktrise.
Nou vir wat?
Ek verstaan dit ook nie.
© Janette Feb 2012


Wat het Julius Malema en Paris Hilton in gemeen?
© Janette Aug 2011
Nee, sê maar?
Hulle doen albei niks nie en tog is die koerante propvol daarvan.
NUUS
NUUS
NUUS


Ek is op 'n nuus staking.
Hoe werk dit?
Ek gaan nie meer die nuus lees totdat die joernaliste iets intelligent en positief skryf nie.
Sjoe! Jy sal dalk nooit weer in jou lewe die nuus lees nie.
© Janette Aug 2011


My rekenaar het iets wat ek baie nodig het.
Wat is dit?
'n "Undo" knoppie.
Wat wil jy ongedaan maak?
Gewoonlik wat ek so pas gesê het.
© Janette Aug 2011


Waar het die idee vandaan gekom dat 'n man vir 'n vrou ' 'n verskriklike duur verlowingsring moet koop?
Ek dink dit was nodig in die jare voor skuld en voorbehoedmiddels.
Manlief moes so lank aan die ring afbetaal dat daar glad nie geld was vir kinders kry nie – dan moes hulle baie versigtig wees!
© Janette Feb 2012



Wat dink jy van al hierdie beroemdes wat nou van mekaar skei?
Ek dink hulle word seker deur die koerante, joernaliste en tydskrifte daarvoor betaal.
Nooit! Wat maak jou so dink?
Wel as almal gelukkig getroud is waaroor gaan ons almal dan skinder?
© Janette Feb 2012



Waarom is dit dat die klere wat te skraps, te krapperig en te onprakties is, glo vir mans die meeste aanloklik is?
Ek dink dit is hoe hulle wraak neem.
Wraak? Vir Wat?
© Janette Feb 2012
Vir al die kere dat hulle dasse, sokkies en seep as geskenke ontvang het.



Hierdie ou soek 'n vrou wat fiks en gesond is met 'n suksesvolle loopbaan. Voordelig as sy 'n goeie kok is.
Klink nie te erg nie.
Nee, maar hy self is werkloos, oorgewig en kan nie kook nie.
En nou waar het die idee ontstaan dat suksesvolle vroue so erg desperaat sou wees?
© Janette Feb 2012


Dink julle ons moet vals wimpers kry?
Vir wat?
Dan kan ons ook mooi groot oë hê waarna die mans kan loer.
O en van wanneer af sien enige man 'n vrou se oë raak?
© Janette Jan 2012


Eensaam soek ware liefde en daarna beskryf hy presies hoe ware liefde moet lyk.
Nou hoe moet sy lyk?
Slank, goeie geaardheid, hou van stap en die buite-lewe, saggeaard en liefdevol.
© Janette Feb 2012
Is jy seker hy soek nie eerder 'n hondjie nie?


My seun wil 'n rekenaarspeletjie i.p.v. 'n bal hê en 'n radiobeheerde karretjie i.p.v. 'n fiets. Hoe gaan ek verseker dat hy nog oefening doen?
Ons sal hierdie stilstaande fietse wat hulle vir oefening gebruik aan die rekenaars moet koppel dat die kinders moet trap om krag op te wek vir hulle rekenaarspeletjies.
Ja, dit sal dalk Eskom se probleme ook oplos!
© Janette Feb 2012


Is dit nie oulik hoe ons geprogrammeer is nie?
Ons trek kleinding in 'n blou speelpakkie aan en dan aanvaar almal kleinding is 'n seuntjie. Daarna trek ons kleinding in 'n pienk speelpakkie en almal aanvaar kleinding is 'n dogtertjie.
© Janette Feb 2012
En in 'n wit, geel of groen speelpakkie dan moet jy maar vra of dit 'n seuntjie of dogtertjie is!


Ek het vir my kind vrugte voorberei en alles in oulike vorms gesny en gerangskik.
Het hy dit waardeer?
Ek twyfel. Hy was nie juis lus vir kos nadat hy al sy vetkryte opgeëet het nie.
© Janette Jan 2012


Reg, so deesdae het jy net 30% nodig om te slaag op skool.
En dan is daar 'n neiging vir ouers om self hulle kinders klas te gee, sommer by die huis.
© Janette Jan 2012
Met ander woorde jy kan net 30% van die vak aan jou kind leer en jou kind gaan net 'n persentasie daarvan onthou. Hoe nou?



Tye het werklik verander.
Deesdae as die kinders swak presteer op skool is dit omdat hulle swak ouerhuise het, of nie 'n voedsame ontbyt nuttig nie.
En in die ou dae?
Was dit maar omdat hulle te lui was om te leer of hulle huiswerk te doen.
© Janette Jan 2012


Beste Telkom
Vir die laaste 3 weke (vandat julle my tarief verhoog het) is my internet so stadig dat dit die posdiens vinnig laat lyk.
Ek neem aan julle rekenaars op 'n sloer-staking vir meer geld en minder ure.
Ek hoop julle vorm spoediglik 'n ooreenkoms want ek kan nie meer die wyn bekostig wat ek moet drink om net so stadig as my internet konneksie te wees nie.
Die uwe
Babsie Bobbejaan.
© Janette Aug 2011




Daar is baie strokies hierdie week.
Ja en boonop is hulle waardevolle antieke.
Hoe so?
Die krag was af, ek moes hulle met pen en papier skryf.
© Janette Aug 2011


Beste Teaters
Ek is baie bly dat julle soveel moeite doen met die nuwe teaters veral dié by dobbelplekke. Hulle lyk mooi en dit is gaaf dat ons die geleentheid het om die kaartjies se prys op die masjiene terug te kry.
Maar ek wil dit net graag onder u aandag bring dat ons wel voete en bene het en verkies om nie met hulle onder ons kenne te sit nie. Ek verstaan met die plasing van die sitplekke dat u duidelik hierdie feit misgekyk het.
Ons sal dit waardeer as u dit in vervolg in ag neem. Vriendelike groete vanaf 'n ywerige teaterganger Babsie Bobbejaan
© Janette Aug 2011


Ek verstaan nie. Mense doen lewensgevaarlike toertjies soos om met 'n rek van 'n brug af te spring.
Dan gaan iets verkeerd en hulle draai by die dood om.
Ja en?
Nou was dit dan nie die punt van die toertjie nie?
© Janette Feb 2012


Ek het 'n boek gekoop oor hoe om enige iets te doen. Maar ek kan nog steeds niks doen nie.
Het jy die boek gelees?
Nee! Nêrens het daar gestaan ek moet eers die boek lees nie!
© Janette Feb 2012



Ek het gehoor jy voel nie lekker nie, toe bring ek vir jou iets om te eet.
'n DVD? Ek kan nie 'n DVD eet nie.
Maar dit sal jou gesond maak. Dit het 'n anti-virus program op!
© Janette Sep 2011



Ek is seker te oud vir hierdie nuwe dinge.
Watter nuwe dinge?
Daar is 'n artikel in die tydskrif. Ek het dit gelees. Reg. Daar is 'n webwerf ek het dit ook besoek.
Nou vir wat moet ek hulle op 'Facebook' gaan opsoek?
© Janette Feb 2012


Gebruik jou ABSA kredietkaart om jou kinders se skoolklere te koop. Gebruik jou FNB kredietkaart om jou ABSA krediet-kaart mee te betaal. Gebruik jou Standardbank lening om jou FNB kredietkaart mee te betaal. Gebruik jou Nedbank oortrokke rekening om jou Standardbank lening mee te betaal.
Reg. Enige idees oor hoe ons Nedbank gaan terugbetaal?
© Janette Jan 2012
Ja! Kry 'n lening by Capitec Bank!



Doen aansoek vir 'n rekening. Doen aansoek vir 'n lening om jou rekeninge te betaal. Doen aansoek vir 'n groter lening om al jou skuld te konsolideer.
Doen aansoek vir 'n groter verband vir 'n groter huis sodat alles wat op rekening gekoop 'n bêre plekkie het.
Waar hou dit op?
By voorkom likwidasie – doen aansoek om skuldberading!
© Janette Jan 2012


Ek het 'n idee. Ons gee sakkies met wit poeier aan al die onwettige uitlanders hier en sê vir hulle as hulle dit terugneem na hulle eie lande kan hulle dit kry om daar te verkoop. Dan het hulle 'n rede om terug te gaan.
Nee jy kan nie, dwelms is sleg.
Dwelms? Nooit! Ons sit gewone meelblom in die sakkies! Die arme mense daar het kos nodig!
© Janette Feb 2012


Die opskrif sê: Diewe blaas 'n ATM op en steel die geld.
ATM
BANK
Nooit!
ATM
Ja, ek wonder maar net. Ek dink nie hulle het die ATM opgeblaas net om na die mooi vuurwerke te kyk nie.
ATM
© Janette Feb 2012




Sou jy onwettige sigarette rook?
Nee ek sou nie eers wettige sigarette rook nie. Waarom vra jy?
Wel die onwettige sigarette kom glo vanaf Zimbabwe so dink jy hulle sal ook mettertyd kan aansoek doen vir amnestie?
Ja, ek is seker hulle wil ook nie dáár bly nie!
© Janette Des 2011



Wat maak jy nou?
Ek hou my eie sensus opname.
Tel jy hulle net?
Nee, ek vra uit na hulle bates, verdienstes en omstandighede.
Maar jy druk van hulle dan dood!
Net dié wat meer geld as ek verdien.
© Janette Okt 2011


Beste SABC
Dankie vir julle lisensie hernuwingskennisgewing al ek het ek nou vir ŉ paar jaar geen TV, DSTV, dekodeerder of DVD speler gekoppel aan enige iets nie. Maar nou ja.
Met al die korrupsie deesdae betaal ek geld met ŉ swaar hart uit. Dus het ek die geld gevat en vir julle ŉ handleiding gaan koop. Dit het te doen met hoe om jou eie geld te genereer in ŉ besigheid. Die handleiding was R240.
Die oorblywende R10 wat ek julle skuld vir die TV wat ek nie meer besit nie, het ek in stukkies opgeskeer en tussen die bladsye van die boek geplak. Wanneer julle die boek lees, sal julle die geld vind.
Vriendelike groete
Babsie Bobbejaan
© Janette Okt 2011


Hulle gaan 'n wet inbring wat dit onwettig maak om staatsgeheime te hê.
Wie gaan dan ons land regeer?
Wat bedoel jy?
Wel 5 minute na die wet in werking tree gaan hulle al ons politikusse in hegtenis moet neem omdat hulle staatsgeheime besit. So wie gaan dan in beheer wees?
© Janette Sep 2011



Vir die volgende episode van vreesbevange Gauteng gaan ek na Luthuli Huis toe en die liedjie Delarey Delarey kliphard sing.
Jy besef natuurlik daardie liedjie kom van die musiekblyspel 'Ons vir Jou' en dit was te doen met die Anglo-Boereoorlog?
Ek weet dit. Jy weet dit. Almal wat na 'Ons vir Jou' gaan kyk het weet dit. Maar niemand by Luthuli huis gaan dit weet nie!
© Janette Sep 2011



Ek gaan my eie optog reël na Luthuli Huis in Johannesburg. Kom jy saam?
Waaroor wil jy betoog?
Ek wil as leier van die ANC Diere Liga aangestel word.
Om wat te doen?
Wie't gesê jy moet iets doen om 'n ANC Liga Leier te wees?
© Janette Aug 2011


Wat gaan ons doen omtrent korrupsie in Suid-Afrika?
Jy kan seker dit as jou doelwit daarstel, staak korrupsie!
O ja, dit ...
Ek is seker baie mense sal agter jou staan.
© Janette Aug 2011
Ek het meer gedink in die terme van hoe gaan ons ook geld daaruit maak?


Beste Oom Julius
Ek besef die media maak
'n groot bohaai oor oom se
Trustfonds. Foeitog.
Ek weet oom
gebruik dit net vir oom se
seuntjie en die geld is
heeltemal wettiglik
ontvang.
Ek wil net vra, "Kan
Oom my asseblief aanneem?"
Vriendelike groete
Babsie Bobbejaan.
© Janette Jul 2011


...
Wat sê jy?
...
Jou mond beweeg maar jy sê dan niks nie!
O, ek oefen om 'n politikus te word.
© Janette Aug 2011



En nou?
Grondeise, plase en landbesit. Ek teken protes aan.
Protes teen wat? Dat hulle plase wegneem wat dan verval?
Nee, dat enige mens geregtig is op die grond! Ons diere was eerste hier. Gee terug!
© Janette Sep 2011


Waarna soek jy?
'n Goeie prokureur.
Nooit! Wat het gebeur?
Die hondjies het my gevra om die mense wat so baie klappers skiet te dagvaar vir pyn en lyding!
© Janette Jan 2012


Ons het glo 'n rot-probleem in Johannesburg.
Ja, daar is nou amper soveel rotte as kriminele hier.
Ons sal maar moet terug gaan na die ou dae van kastele.
Die ou dae? Kastele?
Ja, grawe 'n watersloot om jou huis met 'n ophaalbrug vir jouself.
Gooi 'n krokodil of twee in die watersloot en jou krimineel probleem is sommer ook daarmee heen.
Janette Aug 2011


Ek het nooit geweet hulle gebruik mense vir vleis nie.
Het jy mal geword? Hulle sal mos nooit nie!
Maar ek het boerewors in die winkel gesien! Word dit nie van boere gemaak nie?
© Janette Jan 2012


Die weefsels van ons klere besoedel blykbaar nou die see.
© Janette Feb 2012
Dit is nie goed nie. Want kan ons daaromtrent doen?
Die seekatte leer weef, brei en hekel?


Advertensies het werklik hand uit geruk. Hulle is orals.
Ja, ek stem saam – mense probeer alles om hulle produkte te bemark.
Haai, dink julle as ons advertensies op die diere in die Kruger Wildtuin plak ons genoeg geld sal hê om vir elke renoster sy eie sekuriteitswag te gee?
© Janette Feb 2012



Ek dink hulle moet hierdie GPS masjientjie baie kleiner maak.
Waarom?
Sodat ons dit vir die voëls en insekte kan gee.
Wat moet hulle daarmee maak?
Gebruik om weer die oop deur of venster te vind waardeur hulle ons huise binne gevlieg het sodat hulle weer kan uitvlieg!
© Janette Feb 2012



Skillie ons gaan vir jou 'n plastiese bakkie moet kry as 'n dop.
© Janette Jan 2012
Vir wat? Wat is fout met my dop?
Jong lyk vir my as 'n dier eers iets het wat mense wil hê – dan is dáárdie dier se dae getel!



En dít?
Troosprys vir Oom en Tannie Afhoring.
© Janette Jan 2012


Hou jy van my nuwe ornament?
Wat op aarde het jy nou gemaak?
Ek het vir myself 'n mens gaan jag. Dit is mos regverdig of hoe?
© Janette Jan 2012


Hou jy van my nuwe skoene?
Jong, hulle lyk nie asof hulle lank gaan hou nie.
Ek weet – dit is regte egte mense leer. Hulle velle is nie baie sterk nie!
© Janette Nov 2011


Siende dat die Spaanse daarvan hou dat iets op hulle afstorm en dan om uit die pad uit te spring kan ons vir hulle 'n nuwe sport uitdink, want die een met bulle is wreed.
Soos wat?
Soos dat hulle rugby of Amerikaanse voetbal spelers gebruik wat op hulle kan afstorm i.p.v. diere.
© Janette Feb 2012


Hierdie Britse ou het 'n grappie gemaak oor Amerika op Twitter en toe wou Amerika hom nie inlaat om daar te gaan vakansie hou nie.
Dis nie snaaks nie.
Nog nie, ek probeer net dink... wil ons dalk eendag Amerika gaan besoek?
© Janette Feb 2012


Gaan jy net die hele dag daar lê?
Ja, ek moet my deel doen vir die omgewing.
Hoe?
Hulle sê wanneer jy energie spaar dan maak jy ŉ groot verskil aan jou omgewing.
© Janette Nov 2011


Ek is 'n optimistiese mens – dus is hierdie glas halfvol.
Waarvoor wag jy?
Dis gaaf. En?
En ek glo vas as ek die glas lank genoeg dophou gaan hy heeltemal vol word.
© Janette Des 2011

# Die Einde

**Nog?**

**www.ontwaak.co.za**

Die drie hoofkarakters is oorspronklik deur Janette van der Vyver geskep en geteken alhoewel elemente vanaf die onderstaande verskaffers gebruik is.

Die agtergrond prentjies is geskep deur Janette van der Vyver deur gebruik te maak vanaf prentjies en elemente wat geskep is deur die onderstaande verskaffers. In sommige gevalle is die agtergrond in sy geheel geskep deur hierdie mense.

- Algemene Verkopers by Content Paradise (www.contentparadise.com) onder andere die volgende:
    - Animation Catalyst / Paola SC
    - Cartoon Solutions
    - Cartoon Learning / Eric Moore
    - DK Toons
    - E-frontier inc
    - GhostNerd
    - Kano
    - New Eden
    - Pose Motion / Joe Baker
    - Rudiger / Parker
    - Toonprops
    - Vidhoss
    - WRS Art Designs / Wendy R. Sheredy
    - Winnetoons
- Daar mag ander wees wat ek perongeluk nie genoem het nie, jammer daaroor.
- IClipart (www.iclipart.com)
- Serif Page Plus Gallery
- Smith Micro Software Inc / Anime Studio Pro 8